

## KONSEPDOKUMENT VIR BESPREKING

English to follow Afrikaans version below

### Riglyn vir die eis van tuiskantooruitgawes as deel van persoonlike belastingopgawe

Hierdie dokument is 'n riglyn om werknemers te help bepaal of hulle in aanmerking kom om tuiskantooruitgawes as deel van hulle persoonlike belastingopgawes te eis, en, indien wel, hoe om dit te doen. Let wel: Die dokument bied slegs 'n riglyn. Voordat werknemers enige finale besluite in hierdie verband neem, is dit raadsaam om 'n betroubare belastingraadgewer te raadpleeg.

#### **Wetsvoorskrifte**

Indien werknemers hulle pligte hoofsaaklik vanuit 'n tuiskantoor uitvoer (d.w.s. vir meer as ses maande van die betrokke aanslagjaar) en kies om 'n gedeelte van hulle huishoudelike uitgawes as 'n aftrekking in hulle persoonlike belastingopgawes te eis, moet hulle aan die vereistes van artikel 23(b) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 voldoen.

Volgens artikel 23(b) van die Inkomstebelastingwet moet 'n belastingpligtige aan die volgende vereistes voldoen om hierdie uitgawes vir belastingdoeleindes te kan aftrek:

- Die area wat as 'n tuiskantoor gebruik word, moet spesifiek toegerus wees vir die doeleindes van die belastingbetaler se “ambag” (werk).

#### **EN**

- Die area moet gereeld en uitsluitlik vir daardie doeleindes gebruik word. (Met ander woorde, dit kan nie 'n deel van die eetkamertafel, of 'n lessenaar in 'n spaarkamer wees, wat dus ook vir ander doeleindes soos huiswerk of naaldwerk gebruik word nie. Die area moet spesifiek as 'n kantoor ingerig en slegs as 'n kantoor gebruik word.)

#### **OF**

- Die belastingpligtige se inkomste moet hoofsaaklik bestaan uit kommissie of ander veranderlike betalings wat op die werknemer se werkverrigting berus.

#### **Verduideliking van vereistes**

Voordat die uitgawes dus as 'n belastingaftrekking geëis kan word, moet werknemers seker maak dat hulle aan die volgende vereistes voldoen:

1. Die tuiskantoor moet spesifiek vir werksdoeleindes ingerig wees (d.w.s. met die kantoormeubels, rekenaartoerusting en skryfbehoeftes wat vir werk benodig word).
2. Die tuiskantoor moet 'n aparte ruimte in die huis wees wat gereeld en uitsluitlik (d.w.s. slegs) vir werksdoeleindes gebruik word. In hierdie verband skryf die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voor dat die tuiskantoor 'n aparte vertrek moet wees, en nie byvoorbeeld deel van 'n slaapkamer nie. Indien die ruimte boonop vir enige ander doel as die betrokke beroep gebruik word (bv. kinders se huiswerk of 'n huweliks-/lewensmaat se werk), kan daar nie om 'n tuiskantooraftrekking aansoek gedoen word nie.
3. Aangesien die aard van die werk indiensneming is, moet die volgende ook nagekom word:
  - a. Die werknemer se pligte moet hoofsaaklik uitgevoer word in die kantoor waarop die belastingaftrekking betrekking het.

#### **OF**

- b. Die inkomste uit indiensneming moet hoofsaaklik kommissie of ander veranderlike betalings wees wat op werkverrigting berus (d.w.s. totale kommissie of veranderlike betalings moet 50% van totale inkomste uit indiensneming oorskry) en die pligte moet iewers anders uitgevoer word as in 'n kantoor wat die Universiteit voorsien.

*Implikasie van punt 3(a)*

Punt 3(a) hierbo impliseer dat werknemers wat die grootste gedeelte van hulle tyd aan besoeke aan kliënte of verskaffers bestee, of hulle pligte hoofsaaklik by 'n kliënt of verskaffer se perseel verrig, nie vir 'n aftrekking ingevolge artikel 23(b) in aanmerking kom nie.

Selfs al funksioneer 'n werknemer vir meer as die helfte van die jaar vanaf 'n ander plek as 'n Universiteitsperseel, moet hy/sy die grootste gedeelte van die aanslagjaar in die tuiskantoor deurbring om vir die aftrekking in aanmerking te kom. Werknemers wat byvoorbeeld hulle tyd verdeel tussen werk vanuit die tuiskantoor, werk vanuit 'n koffiewinkel, en werk vanuit 'n vriend of ouer se huis, kan dus nie enige tuiskantooruitgawes eis nie, tensy die totale werkstyd in die tuiskantoor meer as 50% van werkstyd in die betrokke aanslagjaar uitmaak. Persone wat op verskillende plekke werk, sou dus slegs 'n aftrekking kon eis vir die tyd wat hulle werklik vanuit hulle tuiskantore werk, mits dit meer as 50% van totale werkstyd gedurende die jaar uitmaak.

Onthou ook dat die bewyslas op die belastingpligtige rus. Indien die Inkomstediens sou navraag doen, moet die belastingpligtige alle aspekte van die eis kan bewys.

Die reëls vir die eis van tuiskantooruitgawes is dus baie streng en nie algemeen van toepassing nie. Om sodanige uitgawes as belastingaftrekking te kan eis, moet die belastingpligtige aan baie spesifieke vereistes voldoen.

#### *Toelaatbare uitgawes*

Om die omvang van 'n eis te bepaal, kan die volgende uitgawes oor die algemeen in ag geneem word vir die tydperk wat die ruimte as tuiskantoor gebruik is (in die veronderstelling dat daar aan bogenoemde vereistes voldoen is):

- Perseelhuur of verbandrente
- Koste van herstelwerk aan die perseel<sup>1</sup>
- Munisipale belasting en diensgeld
- Elektrisiteit en water
- Heffings
- Ander soortgelyke, tersaaklike uitgawes in verband met die perseel

Wat die kostebepaling van 'n tuiskantoor in die algemeen betref, word bogenoemde uitgawes gewoonlik bereken as 'n pro rata-persentasie op grond van die vloeroppervlakte van die kantoor vergeleke met die totale vloeroppervlakte van die woning (wat buitegeboue soos 'n motorhuis of ouma-/tuinwoning insluit).

#### *Inagneming van belasting op kapitaalwins*

'n Werknemer wat tuiskantooruitgawes as 'n aftrekking eis én die betrokke eiendom besit, moet ook die implikasies vir kapitaalwinsbelasting in ag neem. By die verkoop van die huis maak die gedeelte van die kapitaalwins wat aan die tuiskantoor toegeskryf word, nié deel uit van die huidige uitsluiting van R2 miljoen vir primêre wonings nie. Die kapitaalwins wat aan die tuiskantoor toegeskryf word, is dus wél onderworpe aan kapitaalwinsbelasting (onderworpe aan die jaarlikse uitsluiting).

#### **Voorbeeld: Bepaling van die aftrekking vir 'n tuiskantoor**

##### Feite:

---

<sup>1</sup> 'n Onderskeid moet getref word tussen herstelwerk en verbeterings: Verbeterings is kapitaal van aard en nié gewoonlik aftrekbaar nie; herstelwerk is aftrekbaar. Kry kundige advies in geval van enige twyfel. Vir algemene herstelwerk aan die huis (soos herstelwerk aan die dak, of oorverf van die hele huis) kan 'n pro rata-gedeelte van die herstelkoste gewoonlik geëis word. Vir herstelwerk aan die area wat as 'n tuiskantoor gebruik word, kan die volle koste in berekening gebring word om die aftrekking te bereken.

'n Werknemer wat 'n jaarlikse salaris van R420 000 en 'n jaarlikse reistoelaag van R36 000 ontvang, word gedurende die belastingjaar toegelaat/verplig om van die huis af te werk. Die werknemer het 'n tuiskantoor wat spesifiek vir haar pligte ingerig is.

Sy gebruik die tuiskantoor gereeld en uitsluitlik vir werksdoeleindes, en voer haar pligte hoofsaaklik daar uit (d.w.s. vir meer as ses maande van die belastingjaar). Die totale oppervlakte (vierkante meter) van die tuiskantoor is 20 m<sup>2</sup>, teenoor die 200 m<sup>2</sup> van die huis in die geheel (wat buitegeboue insluit). Persentasiegewys beslaan die tuiskantoor dus 10% (20/200 m<sup>2</sup>) van die totale oppervlakte van die huis.

Die rente op haar huisverband beloop R125 000 vir die tydperk wat die ruimte as tuiskantoor gebruik is, en die munisipale belasting en diensgeld vir die tydperk wat die ruimte as tuiskantoor gebruik is R15 000.

#### Uitslag:

Die werknemer voldoen aan die vereistes van artikel 23(b) van die Inkomstebelastingwet, want:

- haar tuiskantoorarea word gereeld en uitsluitlik vir inkomsteverdienste gebruik;
- die tuiskantoor is spesifiek vir haar beroep toegerus; en
- sy het haar pligte hoofsaaklik (vir meer as ses maande van die aanslagjaar) in die tuiskantoor uitgevoer.

Daarom kan sy in beginsel sekere uitgawes vir die tuiskantoor eis. Die tuiskantoor beslaan 10% van die totale huisoppervlakte. Dus word 10% van haar verband- en munisipale koste as aftrekking toegelaat:

- Pro rata-persentasie van verbandrente, d.w.s. 10% van R125 000 = R12 500
- Pro rata-persentasie van belasting en diensgeld, d.w.s. 10% van R15 000 = R1 500

## CONCEPT DOCUMENT FOR DISCUSSION

### Guideline for claiming home office expenses as part of personal tax return

This document serves as a guideline to help employees determine whether they qualify to claim home office expenses as part of their personal tax returns, and, if so, how this should be done. Please note: The document is intended as a guideline only. Before making any final decisions in this regard, employees are advised to consult a reliable tax advisor.

#### Statutory prescripts

Where employees perform their duties mainly from a home office (i.e. for more than six months of the relevant assessment year) and choose to claim a portion of their household expenses as a deduction from their personal tax assessments, they need to comply with the requirements of section 23(b) of the Income Tax Act 58 of 1962.

In terms of section 23(b), a taxpayer needs to meet the following conditions to be able to deduct such expenses for tax purposes:

- The area used as a home office must be specifically equipped for purposes of the taxpayer's "trade" (job).  
**AND**
- The area must be **regularly and exclusively** used for such purposes. (In other words, it cannot be a section of the dining room table, or a desk in a spare bedroom, which is also used for other purposes such as homework or sewing. The area must be specifically set up, and used only, as an office.)  
**OR**
- The taxpayer's income must consist mainly of commission or other variable payments that are based on the employee's work performance.

#### Unpacking the requirements

Therefore, before the expenses may be claimed as a tax deduction, employees must ensure that they have met the following requirements:

1. The home office must be specifically equipped for work purposes (i.e. with the office furniture, computer equipment and stationery required to do the job).
2. The home office must be a separate space in the home that is regularly and exclusively (i.e. solely) used for work purposes. In this regard, the South African Revenue Service (SARS) requires a home office to be a separate room, and not, for instance, a section of a bedroom. In addition, if the space is used for any purpose other than the trade concerned (e.g. children's homework or a spouse/partner's work), the employee will be disqualified from claiming a home office deduction.
3. As the nature of the work is employment, the following must also be met:
  - a. The employee's duties must be performed mainly in the home office to which the tax deduction pertains.  
**OR**
  - b. The income derived from employment must consist mainly of commission or other variable payments that are based on work performance (i.e. total commission or variable payments must exceed 50% of total income from employment) **and** the duties must be performed at a location other than an office provided by the University.

#### *Implication of point 3(a)*

Point 3(a) above implies that employees who spend the majority of their time visiting clients or suppliers, or perform their duties mainly at a customer or supplier's premises, would not qualify for a deduction under section 23(b).

Even if the employee spends more than half of the year working off-site (away from University premises), (s)he would still need to spend the majority of the assessment year working from the home office to qualify for the deduction. For instance, employees who split their time between working from their home office, working from a coffee shop, and working from a friend or parent's home, will not be able to claim any home office expenses, unless the total time spent working from the home office constitutes more than 50% of working time during the relevant assessment year. Therefore, persons working from several different locations would only be able to claim a deduction for the time actually spent working from their home offices, provided that it constitutes more than 50% of total working time during the year.

Also bear in mind that the onus of proof is on the taxpayer. If queried by SARS, the taxpayer would need to be able to prove all aspects of the claim.

Therefore, the rules for claiming home office expenses are very strict and not of general application. To claim such expenses as a tax deduction, the taxpayer needs to meet very specific requirements.

#### *Permissible expenses*

To determine the extent of a claim, the following expenses may generally be taken into account for the duration of the period that the space was used as a home office (provided the aforementioned requirements have been met):

- Rent of the premises, or bond interest
- Cost of repairs to the premises<sup>2</sup>
- Municipal rates and taxes
- Electricity and water
- Levies
- Other similar, relevant expenses in connection with the premises

In terms of determining the cost of a home office in general, the expenses above are typically calculated as a pro-rata percentage based on the floor area of the office compared to the total floor area of the dwelling (including outbuildings such as a garage or granny flat).

#### *Considering capital gains tax*

An employee who claims home office expenses as a deduction, and owns the property concerned, must also consider the capital gains tax implications. Upon the sale of the house, the portion of the capital gains ascribed to the home office will not form part of the current R2 million primary residence exclusion. This means that the capital gains attributable to the home office will be subject to capital gains tax (subject to the annual exclusion).

#### **Example: Determining a home office deduction**

##### Facts:

An employee who earns an annual salary of R420 000 and an annual travel allowance of R36 000 is permitted/required to work from home during the tax year. The employee has a home office specifically set up for her duties.

The home office is used regularly and exclusively for the purposes of work, and her duties are performed there most of the time (i.e. more than six months of the tax year). The total area (square metres) of the

---

<sup>2</sup> A distinction needs to be drawn between repairs and improvements: Improvements are capital in nature and typically not deductible; repairs are deductible. When in doubt, obtain expert advice. For general repairs to the house (such as roof repairs or repainting the entire home), a pro-rata share of the repair costs would generally be claimed. For repairs to the area used as a home office, the full costs may be taken into account in determining the deduction.

home office is 20 m<sup>2</sup>, while the total area of the house (including outbuildings) is 200 m<sup>2</sup>. In terms of percentages, therefore, the home office occupies 10% (20/200) of the total area of the house.

The interest on the employee's bond amounts to R125 000 for the duration of the period that the space was used as a home office, and her municipal rates and taxes are R15 000 for the duration of the period that the space was used as a home office.

Outcome:

The employee meets the requirements of section 23(b) of the Income Tax Act because:

- her home office area is regularly and exclusively used to earn an income;
- the home office has been specifically equipped for her job; and
- she has performed her duties mainly from the home office (i.e. for more than six months of the assessment year).

In principle, therefore, she may claim certain expenses for her home office. The home office occupies 10% of the total area of the home. Therefore, she is permitted to claim 10% of her bond and municipal costs:

- Pro-rata percentage of bond interest, i.e. 10% of R125 000 = R12 500
- Pro-rata percentage of rates and taxes, i.e. 10% of R15 000 = R1 500